# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
# *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / *FEBRUARIE***
**MARCH / *MAART***

**2005**

## AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

**(Tweede Vraestel: Prosa en Poësie)**

HG **102-1/2**

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL HG: Vraestel 2

**22 bladsye**

102 1 2 HG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG
(Tweede Vraestel: Prosa en Poësie)

TYD: 2 uur

PUNTE: 80

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **enige** TWEE van die volgende afdelings:

**AFDELING A : *Kringe in 'n bos* (Dalene Matthee)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**Vraag 1** bl. 3

**AFDELING B : Poësie**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 2** | Sprokie vir 'n stadskind | bl. 9 |
| **Vraag 3** | Eksamen en Melkkantien | bl. 11 |
| **Vraag 4** | Voël | bl. 13 |

**AFDELING C : *Kinders van die aarde* (Charles Fryer)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**Vraag 5 – 6** bl. 14

**AFDELING D : *Gooi hom in die sloot* (Roelf van Rensburg)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**Vraag 7** bl. 18

---

## AFDELING A

### NOVELLE: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

### VRAAG 1

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE BLADSY.
- Gee SLEGS die antwoorde.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

### SAUL BARNARD EN DIE BLOUBOKKIE

> En die mooiste bokkie van almal: die bloubokkie van die ruie onderbos. So klein, so lig van voet dat jy selde sy stippel-spoortjie kry ...
>
> * * *
>
> "Julle roei die goed uit," is die tyding op 'n dag die Bos in gestuur.

**VRAE**:

- Gee SLEGS die antwoorde.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

1.1 Voltooi die volgende paragraaf.

Die goewerment het gesê die 1.1.1 ______ roei die bloubokkie uit en die man wat 'n bloubokkie vang se 1.1.2 ______ sal weggevat word. Die houtkappers glo die bloubokkie is anders as die ander bokke in die Bos, want sy gal sit in sy 1.1.3 ______. Daarom staan die bloubokkie ook bekend as die 1.1.4 ______. Toe Saul 1.1.5 ______ jaar oud is, besluit Saul om 'n 1.1.6 ______ te stel om 'n bloubokkie te vang. Toe hy die bloubokkie slag kom hy agter dat die houtkappers nog altyd 'n 1.1.7 ______ geglo het. Hy probeer om vir sy broer, 1.1.8 ______ van sy ontdekking te vertel, maar hy wou hom nie glo nie. Die enigste ander houtkapper wat hom wel geglo het, was 1.1.9 ______. Om beheer oor die Bos te kan uitoefen, stel die goewerment 'n boswagter, 1.1.10 ______ aan. Sy werk is om toe te sien dat die houtkappers net 1.1.11 ______ bome afkap en dat hulle nie die 1.1.12 ______ vang nie. Die houtkappers mag ook nie die 1.1.13 ______ skiet nie. Dit verhoed hulle om die 1.1.14 ______ aan die skepe te verkoop. Later beskuldig Jozef hom dat hy vir die boswagter 1.1.15 ______. **[15]**

**EN**

> Minute later loop Saul Barnard die Bos in en dit voel vir hom hy loop agteruit in homself in. Die feit dat hy op pad is om Oupoot, koning-olifant van die Bos te skiet, voel onwerklik en terselfdertyd die mees onvermydelike daad van sy lewe.

1.2 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê ook waarom jy so sê.
Saul weier om te glo dat Oupoot Jozef se kind doodgemaak het. (2)

1.3 Saul is vasberade om Oupoot self te skiet, want hy ______

A. wil hom die vernedering spaar om voor Terblans se geweer te kniel.

B. weet Maska het nie genoeg koeëls om Oupoot te skiet nie.

C. is bang Terblans skiet sleg en kwes net die olifant.

D. wil nie hê Jozef moet vir Oupoot skiet nie. (1)

1.4 Saul was ______ jaar oud toe hy Oupoot die eerste keer gesien het.

A. sewe

B. twaalf

C. veertien

D. nege (1)

1.5 Hy en Jozef was op pad na sy ma se mense by ______ toe hy Oupoot die eerste keer gesien het.

A. Diepwalle

B. Kom-se-Bos

C. Meulbos

D. Groot Eiland (1)

1.6 Watter beskrywing pas NIE by Oupoot nie?

A. 'n Nat kol onder die oog

B. 'n Diep sloot oor sy kruis

C. 'n Ronde koeëlgat in sy een oor

D. 'n Tand wat afgebreek is (1)

1.7 Oupoot tree baie vreemd op. Wat het hy, volgens Saul, nie gedoen nie? (1)

1.8 Wat was Jozef se verklaring hiervoor? (1)

1.9 Hoe het Saul dit verklaar? (1)

1.10 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Oupoot en alle olifante gebruik 'n oertegniek deur 'n sirkel te loop en hul agtervolgers van agteraf in te haal en dan te trap. (2)

1.11 Terwyl Saul vir Oupoot agtervolg, trap Oupoot amper vir ______

A. Jozef.

B. Freek.

C. Maska.

D. Harison. (1)

1.12 Uiteindelik word Oupoot tog deur ______ geskiet.

A. Freek

B. Jozef

C. Saul

D. Stopforth (1)

1.13 Voltooi: Maska sê vir Saul dat Oupoot sy 1.13.1 ______ is en dat Saul Oupoot se 1.13.2 ______ is. (2)

1.14 Op 'n later geleentheid sê Saul vir Maska: "As Oupoot my dier-broer was, is jy my ______, Maska." (1)

1.15 Sê of die volgende stellings WAAR / ONWAAR is. Sê hoekom jy so sê. Saul sit by die dooie olifant totdat Stopforth hom met die geweer dreig. (2)

1.16 Wat is Maska se verklaring dat Oupoot vir Saul teruggelei het Meulbos toe? (2)
**[20]**

**EN**

1.17 Pas die beskrywing in **KOLOM B** by die woord in **KOLOM A**.
Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.17.1 'n Geboorte | A. Kredietnota om op skuld te koop |
| 1.17.2 Bloubokkie | B. Herinneringe aan Kate |
| 1.17.3 Sweer | C. Hy sien sy eerste bosbok |
| 1.17.4 Veertien | D. Saul word van binne af taai gemaak |
| 1.17.5 Ysterkettings | E. Saul op 'n skip die oop see in |
| 1.17.6 Houtskuur | F. Saul sal nuwe skoene kan bekostig |
| 1.17.7 Verbode | G. Saul is MacDonald se slaaf |
| 1.17.8 Goodfor | H. Eerste dink kom los in Saul |
| 1.17.9 Eiewys | I. Die osse trek swaar aan die hout |
| 1.17.10 Skuld | J. Jy staan in twee bome gelyk |
| | K. Kate en die biblioteek |
| | L. Soveel osse in 'n span |
| | M. Eienskap van Saul |

(10)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

1.18.1 Watter beskrywing pas NIE by Oupoot nie?

A. Hy is baie slim.
B. Tande die grootte van 'n os.
C. Twee koeëlgate van lankal is sigbaar.
D. Daar is iets onbeskryfliks verhewe aan hom. (1)

1.18.2 Joram Barnard het sy seuns alles van die Bos geleer. Waarvan het Saul NIE by sy pa geleer nie?

A. Bome en struike.
B. Die olifante en die wind.
C. In watter strome spoelgoud is.
D. Die voëls en bokke. (1)

1.18.3 Saul en Oupoot het baie in gemeen gehad. Watter bewering is NIE van toepassing op hul **albei** nie?

A. Die houtkappers het hom gehaat.
B. Hy moes die skuld dra vir iets wat hy nie gedoen het nie.
C. Hy is die leier van sy groep.
D. Hy was beslis die oorsaak van iemand se dood. (1)

1.18.4 Baie het met Saul gebeur toe hy veertien geword het. Watter ervaring het hy op 'n ander ouderdom gehad?

A. Hy het heuning gaan uithaal.
B. Hy het Oupoot die eerste keer gesien.
C. Sy ma en Sara is aan masels dood.
D. Hy het die eerste keer op die dorp gekom. (1)

1.18.5 Watter beskrywing pas NIE by die houtkappers NIE?

A. opreg
B. koppig
C. blind
D. simpel (1)

1.19

| |
|---|
| Ou Martiens Botha erken hom nie.<br>'Dis ek, Saul, oom Martiens."<br>"Saul?" Dis of baie onthou deur die ou man se oë glip. "Van oorle Joram?" |

1.19.1 Waarvan wil Saul Barnard nie deur die **houtkappers** beskuldig word nie? (1)

1.19.2 Wat hoop Saul sal hy van oom Martiens kan sê? (1)

1.20 Die houtkappers het in Saul se oë **positiewe** en **negatiewe** karaktertrekke gehad. Noem TWEE positiewe en EEN negatiewe eienskap / karaktertrek. (3)

**VANAF VRAAG 1.2 – 1.20 = 40÷ 2 = [20]**

| |
|---|
| "Jy wen hierdie rondte, mister MacDonald. My broer moet leef. Koop hulle hout, gee terug hulle osse en ek sal afstand doen van Kate."<br>"Dis nie genoeg nie, Barnard. Ons voorwaarde is dat jy padgee en niks minder nie. Ver padgee!"<br>"Ek was in elk geval van plan om pad te gee sodra my sake gereël is." |

1.21 Waar het Saul se reis geëindig op pad Kaap toe?

A. Kaapstad

B. Swellendam

C. George

D. Knysna (1)

1.22 Watter ambag het Saul by sy nuwe plek geleer?

A. Meubels maak

B. Perde teel

C. Om hout te verkoop

D. Om waens te bou (1)

1.23 Saul keer 2 jaar later terug Knysna toe. Wat het hy toe op Knysna probeer koop?

A. 'n Skool

B. Die biblioteek

C. 'n Erf

D. 'n Huis (1)

1.24 Hoe help Kate vir Saul dat hy op Knysna bly? Sy ______

A. begin 'n besigheid op Knysna.

B. besluit om op Gouna te gaan bly.

C. koop Thompson se hoekerf.

D. trek Meulbos toe. (1)

1.25 Saul en Jozef maak vrede. Saul wil hout by Jozef koop. Hoe sal hy vir Jozef betaal? (1)

**[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING B
## POËSIE

- Beantwoord AL die vrae in AFDELING B.
- Beantwoord elke GEDIG op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2
### *SPROKIE VIR 'n STADSKIND* – Koos du Plessis

As die reën van stof en roet verby is
en die rook verdwyn,
sal daar in die sterrelose hemel
'n neonboog verskyn.

En kyk maar goed, want as jy hom vind,
vertel ek vir jou 'n sprokie, my kind,
van 'n skatkis, met ou kettings gebind,
aan die neonboog se punt.

Volg hom elke nag oor swart riviere.
oor kranse van beton;
as jy aanhou stap, tienduisend ure,
sal jy dalk daar kom.

Maar hier moet jy jou nimmer laat bind,
want, so lui die ou-ou sprokie, my kind:
As jy geluk en vreugde wil vind,
soek die neonboog se punt.

Volg hom elke nag oor swart riviere; –
kyk nie een maal om.
Dalk vind jy die land van blou saffiere ...
En dalk 'n brokkie son.

**Uit: *Kinders van die wind***

**VRAE**:

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

2.1 Gee EEN woord uit die gedig wat na lugbesoedeling verwys. (1)

2.2 Watter tyd van die dag sal die neonboog verskyn? (1)

2.3 Waarna moet die kind soek? (1)

2.4 Wat sal dit moeilik maak om die skatkis oop te maak? (1)

2.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

Wat sal gebeur as die kind dit waarna hy soek, kan kry?

A. Die kind sal 'n brokkie son vind / kry.

B. Die kind sal die land van blou saffiere vind / kry.

C. Die kind sal tienduisend ure stap.

D. Die verteller sal vir hom 'n sprokie vertel. (1)

2.6 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is. Sê ook hoekom jy so sê.

Die kind moet rustig wees en hom aan die stad bind en geluk en vreugde sal outomaties kom. (2)

2.7 Noem TWEE PLEKKE waar die kind die neonboog moet soek. (2)

2.8 Haal EEN WOORD uit die gedig aan wat wys dat daar geen sekerheid is of hy die neonboog se punt sal kry nie. (1)

2.9 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is. Sê hoekom jy so sê.

Die sprokie is vir jare en jare oorvertel. (2)

2.10 Pas die woord / woorde in **KOLOM B** by die woorde in **KOLOM A**. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.10.1 | Neonboog | A. | Groot geboue van die stad |
| 2.10.2 | Kettings | B. | Reën |
| 2.10.3 | Kranse van beton | C. | Nooit |
| 2.10.4 | Nimmer | D. | Verskyn in die sterrelose hemel |
| 2.10.5 | Stof, roet, rook | E. | Om die skatkis |

(5)
**[17]**

**EN**

## VRAAG 3
### *EKSAMEN* – Annesu de Vos

dit is kakofonie
wanneer jy bang verwilderd
kantel
deur die nag
tussen die bladsye
van hoofstuk vyf
se Klimatologie;
die lêboor van die wyfiesprinkaan
klop
haar eiers stelselmatig stoot
tot in die veilige vesting
van jou dop –
jy sien die dood
as Franse Revolusies bloedloos stol
sodat die lewensiklus
van die mielieboorwurm
in die hamerslae van jou kop
voltooiing vind

tot jy verkorrel
in die suiker van soet slaap

**Uit: *Gebed van 'n groen perske***

**VRAE**:

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

3.1 Watter woord uit die gedig verwys na 'n deurmekaarspul? (1)

3.2 Na wie verwys die **jy** in die gedig? (1)

3.3 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE in die gedig aan wat vir ons sê hoe die **jy** voel. (2)

3.4 Watter vak het die leerder van die klimaat geleer? (1)

3.5 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is. Sê waarom jy so sê.

Die leerder dink dat hy nog Biologie moet leer. (2)

3.6 Haal TWEE APARTE WOORDE aan wat vir ons sê dat die leerder die voortplanting van die wyfiesprinkaan bestudeer het. (2)

3.7 Haal 'n woord aan wat vir ons sê dat eiers in 'n **veilige plek** gebêre word. (1)
**[10]**

### *MELKKANTIEN* – E. Eybers

Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou,
verweer en afgewater, kneukels rooi
soos die tamatiesap waarom hul klou?
Tussen die kelnerinne, opgetooi,
met jong gesigte, almal leeg en hard,
wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
in haar verrimpelde gelaat die smart
van anders en alleen wees saamgeskroef?

Vir sóveel powerheid is daar geen troos:
ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
na 'n apteker, dalk kan sy my help?
Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
van vriendelikheid, beduie tandeloos:
Jy meen 'n kemmis? Ja, net om die hoek.

**VRAE**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

3.8 Watter EEN woord in die gedig verwys na die Melkkantien? (1)

3.9 Hoe verskil / kontrasteer die vrou (strofe 2) met die ander kelnerinne (strofe 1) in voorkoms? (2)

3.10 Soek 'n paar woorde wat geestelike en liggaamlike aftakeling beklemtoon. Gee VIER woorde. (2)

3.11 Wat laat jou dink dat die Melkkantien dalk 'n deftige plek kan wees? (1)

3.12 Gee EEN woord wat aandui dat die vrou gespanne is. (1)

3.13 Die woord "powerheid" in die tweede strofe kan ongeveer dieselfde betekenis hê as _________ in die eerste strofe. (1)

3.14 Watter WOORD dui daarop dat die spreker ongemaklik voel as sy / hy met die vrou praat? (1)

3.15 Watter effek het die spreker se bietjie vriendelikheid teenoor die verwaarloosde vrou (kelnerin)? Gee TWEE APARTE WOORDE. (2)

3.16 Waarom sou jy dink vind dié verandering by die vrou plaas? (1)

3.17 Watter TWEE woorde laat jou besef dat sy al haar jeugdige sappigheid verloor het? (2)

3.18 Watter vergelyking skilder 'n prentjie van hoe kunsmatig haar hande geraak het van baie harde werk? (2)

3.19 Deur watter EEN woord "sien", "hoor" en "voel" ons hoe die smart die vrou se gesig saamgetrek het? (1)

3.20 Die spreker vra vir die vrou waar 'n apteker is. Hoe kan ons sien dat sy eers nie verstaan het waarvan die spreker praat nie? (1)

3.21 Wat SIEN die spreker toe hy met die verwaarloosde vrou PRAAT? (1)

3.22 Die spreker besef dat nie net haar voorkoms verwaarloos is nie, maar ook die wyse waarop sy __________ . (1)

**[20]**

**VANAF VRAAG 3.1 – 3.22 = 30÷ 3 = [10]**

**EN**

**VRAAG 4**
***VOËL* – R.K. Belcher**

Met gras en waaisand half bedek
lê muf en benerig 'n voël
met stywe bene en wydoop bek.

Die vlerke wat eers hoog en blink
gestyg het in die môreson
lê sonder vere en effens stink

En waar 'n vloed van sange was
is alles stil, is alles dood
onder die waaisand en die gras.

O moenie dat jou hande beef
want alles wat die dood afsny
moet jy laat leef.

Haal dan jou sakmes uit
en sny 'n hol, wit beentjie uit sy bors
en maak daarmee 'n fluit.

**Uit: *Ver land***

**VRAE**:

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

4.1 Watter TWEE APARTE WOORDE in die eerste en die tweede strofe verwys na 'n onaangename reuk? (2)

4.2 Watter WOORD sê dat die voël se geraamte al gesien kan word? (1)

4.3 Aan die begin van die gedig kan sekere liggaamsdele van die voël gesien word. Haal die woorde aan. (2)

4.4 Later in die gedig kan geen liggaamsdele gesien word nie. Haal die versreël aan. (1)

4.5 Waarom kan die vlerke nie meer vlieg nie? Haal TWEE opeenvolgende woorde aan. (2)

4.6 Hoe weet ons dat die voël vroeër baie geluide gemaak het? Haal DRIE opeenvolgende woorde aan. (2)

4.7 Pas die woord / woorde in **Kolom B** by die woord / woorde in **Kolom A**. Skryf slegs die LETTER en die NOMMER neer.

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| 4.7.1 Opdrag | A. Dit wat dood is, moet lewendig gemaak (gehou) word |
| 4.7.2 Tema van gedig | B. Ideaal vir 'n musiekinstrument |
| 4.7.3 hol, wit beentjie | C. Sakmes |
| | D. Moenie dat jou hande bewe nie. |

(3)
**[13]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING C
### KORTVERHALE: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5
### 'n MAN KOM TUIS

| |
|---|
| Heelpad gesels my passasier land en sand oor dit en dat. Hy gesels die reën skoon weg. |

**VRAE**:

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

5.1 Wat het die bestuurder dié dag baie vervelig gevind? Gee TWEE feite. (2)

5.2 Voltooi:

Volgens Gouws is sy huis 5.2.1 ______ onder langs die spruit. As die verteller hom nou bo in die straat 5.2.2 ______, dan vat hy sy goedjies huis toe. Die 5.2.3 ______ sal hom eerste gewaar en die kleintjies sal na buite hardloop. Die 5.2.4 ______ sal voor hardloop en hy sal hulle in sy arms vang. Hy sal vir elkeen sy 5.2.5 ______ gee wat hy vir hulle saamgebring het. (5)

5.3 Wat het Gouws vir sy vrou gekoop? (1)

5.4 Noem DRIE van Gouws se los pakkies. (3)

5.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Gouws was ______ en te oud om nog jong kinders te hê.

A. middeljarig

B. te besig

C. verrimpeld

D. siekerig (1)

5.6 Lees die stellings deur en gee slegs die NOMMER en die korrekte naam van die karakter.

5.6.1 Hy het langs die pad gestaan en gewys hy wil saamry.

5.6.2 Hy is die oudste en is nege jaar oud.

5.6.3 Sy is saam met hulle twee kinders in die motorongeluk dood.

5.6.4 Sy is Gouws se jongste kind.

5.6.5 Hy kan nie glo wat Gouws hom vertel het nie. (5)

5.7 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is. Sê hoekom jy so sê.

Gouws-hulle is nou besig met die pad Wilgerspruit toe. (2)

5.8 Voltooi:

Dit word vir die verteller duidelik dat jy hierdie man nie maklik sal 5.8.1 ______ nie. Vir elke terugslag in sy lewe het hy tot dusver 'n teenmaneuver bedink, vir elke 5.8.2 ______ 'n kompenserende argument, vir elke ontbering 'n 5.8.3 ______. (3)

5.9 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Gouws sien sy familie elke tweede naweek. (2)

**[24]**

**EN**

**ALGEMENE VRAAG**

5.10 Watter sportsoort word in ...

A. **Rooikoos Willemse is soek** beoefen? (1)

B. **Die Wedloop** beoefen? (1)

5.11 In altwee kortverhale (**Rooikoos Willemse is soek** en **Die Wedloop**) was die uitslag van die twee sportsoorte gelykop.

5.11.1 Wat het **gebeur** dat die eindtelling in **Rooikoos Willemse is soek** gelykop geëindig het? Noem TWEE feite. (2)

5.11.2 Wat het **gebeur** dat Salmon nie aan die byeenkoms kon deelneem nie en toe gelykop met Vis geëindig het? Noem TWEE feite. (2)

5.12 Rooikoos Willemse het 'n swak puntjie in sy lewe gehad wat veroorsaak het dat hy al sy besittings verloor het.

5.12.1 Wat was sy swak puntjie? (1)

5.12.2 Noem TWEE besittings wat hy verloor het. (2)

5.12.3 In watter vreemde plek het Rooikoos beland as gevolg van sy swak puntjie? (1)

5.12.4 Voltooi: Toe Rooikoos by die venster van die vreemde plek uitkyk, het hy 'n ________ gesien. (1)

5.13 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê. Salmon het hierdie jaar die hoogspringitem gewen en Vis het die naellope gewen. (2)

5.14 Waar het die byeenkoms in **Die Wedloop** hierdie jaar plaasgevind? (1)

5.15 Vis het DRIE uitdagings aan Salmon gestel. Noem kortliks die DRIE uitdagings. (3)

5.16 Voltooi: In die kortverhaal **Die ooreenkoms** het die twee hoofkarakters

5.16.1 ______ en 5.16. 2 ________ in Die Rusoord gewoon en soos twee broers opgetree. Hulle was in hulle vroeë 5.16.3 _________ (ouderdom). (3)

5.17 Wat het hierdie twee karakters elke aand om half ses in hulle kamer gedrink? (1)

5.18 Watter dame het in een van die karakters belanggestel? (1)

5.19 Watter karakter sterf in **Die ooreenkoms**? (1)

5.20 Voltooi: Die vraag wat eintlik in **Die ooreenkoms** gevra word, is of daar lewe na die _________ is. (1)

**[24]**

**VANAF VRAAG 5.1 – 5.20 = 48÷2=[24]**

## VRAAG 6

## *STORM OP DIE BERG* – W.A. de Klerk en *MY BROER SE KRAAI* – Chris Barnard

6.1 DRIE antwoorde is KORREK. Watter antwoord is NIE korrek NIE? Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

Christien is ______

A. lenig gebou en sterk.

B. goedgemanierd.

C. aantreklik.

D. baie dom. (1)

6.2 Noem TWEE eienskappe wat Jaco 'n leier gemaak het. (2)

6.3 Lees die stellings sorgvuldig deur en verbeter die foute.

6.3.1 **Jaco** het dadelik **Sentinelkamp** toe gebel en vir Christien gevra om saam met hulle op 'n bergtoer te gaan. Hulle sal slegs toestemming gee as **Tonie** die verantwoordelikheid aanvaar. (3)

6.4 6.4.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is.

Die verteller se broer hou nie van 'n papegaai nie. (1)

6.4.2 Wat sê hy van 'n papegaai? (1)

6.5 Voltooi:

Die kraai het op 'n 6.5.1 ______ weggegaan en op 'n 6.5.2 ______ teruggekom. (2)

6.6 Pas die woord / woorde in **KOLOM B** by die woorde in **KOLOM A**. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.6.1 | Bedags. | A. | Tonie. |
| 6.6.2 | Het op die berg seergekry. | B. | Was hy in die bos. |
| 6.6.3 | Het 'n nuwe aarde verower. | C. | Christien. |
| | | D. | Jaco. |

(3)

6.7 Wat het die verteller se broer gedoen om sy liefde vir die kraai te wys? Noem TWEE feite. (2)

6.8 Wat is die les wat die leser uit hierdie kortverhaal kan leer? Verduidelik in EEN sin. (1)

**[16]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING D

**NOVELLE: *GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg**

### VRAAG 7

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n nuwe bladsy.

### CASPER HEFER

> "As ek nie 'n prefek was nie, het ek jou maer kop van jou biltonglyf afgeklap, jou ou kraai!"
> "Maar die hoof sal jou sake vir jou werk. Ek hoop hy skop jou uit die skool uit!"

**VRAE**:

- Gee SLEGS die ANTWOORDE.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

7.1 Lees die aanhaling hierbo en beantwoord die vrae.

7.1.1 Wie is die prefek wat hier aan die woord is? (1)

7.1.2 Met wie praat die prefek? (1)

7.1.3 Hoekom dink die prefek dat hy moontlik uit die skool geskop gaan word? (1)

7.1.4 Na wie neem die prefek die beskuldigde? (1)

7.2 Voltooi die volgende paragraaf deur telkens 'n gepaste antwoord in te vul. Gee slegs die NOMMER en die ANTWOORD.

Casper se vriendin se naam is 7.2.1 ______. Sy 7.2.2 ______ is verlede jaar oorlede en sy pa se nuwe vriendin is 7.2.3 ______ Mynhardt. (3)

**EN**

> Casper lig sy gebalde vuiste stadig en sy spiere bondel saam, maar iemand stoot hom onverwags van agter en hy val met swaaiende arms teen Bertrand aan.

7.3 Uit bogenoemde aanhaling is dit duidelk dat Bertrand en Casper in 'n vuisgeveg betrokke was. Wat het Bertrand vir die skoliere vertel wat Casper so ontstel het? Kies TWEE KORREKTE ANTWOORDE. Gee slegs die NOMMER en die TWEE KORREKTE LETTERS.

A. Casper het Bertrand gesmeek om hom nie kantoor toe te neem nie.

B. Casper het gesê Bertrand het hom probeer omkoop.

C. Casper het Bertrand gesmeek om kantoor toe te gaan.

D. Bertrand het gesê Casper het hom probeer omkoop. (2)

7.4 Wie het die vuisgeveg tussen Casper en Bertrand stopgesit? (1)

**EN**

7.5 Watter klub besoek Casper saam met Braam? (1)

7.6 "Die soetste reuk op aarde!" Wat is die soet reuk? (1)

7.7 Noem enige TWEE lede van die klub. (2)

7.8 Watter TWEE gewoontes van Braam ontstel Casper? (2)

7.9 – 7.12 Wat weet ons van Casper en Braam ten opsigte van die volgende feite? Kyk na die kolomme en vul die korrekte antwoord in. Gee slegs die NOMMER en die ANTWOORD.

| KOLOM A | CASPER | BRAAM |
|---|---|---|
| 7.9 Finansiële posisie | 7.9.1 | 7.9.2 |
| 7.10 Eerlikheid | 7.10.1 | 7.10.2 |
| 7.11 Tipe sport | 7.11.1 | 7.11.2 |
| 7.12 Vader se beroep | 7.12.1 | 7.12.2 |

(8)
**[24]**

**EN**

7.13 Lees die volgende stellings en verbeter die FOUTE.

7.13.1 Casper het 'n hangertjie van sy pa gekry toe hy verlede jaar die honderdmeter in minder as vyf minute gehardloop het. (1)

7.13.2 Casper se pa kuier by tant Rita. (1)

7.13.3 Casper se ma en pa is geskei. (1)

7.14 Casper word na die hoof gebring, omdat hy van diefstal verdink word. Waaraan laat die situasie van Casper die hoof terugdink? Kies die KORREKTE antwoord.

Toe hy ...

A. 'n jong seun was en self gesteel het.
B. as jong seun in 'n apteek gewerk het.
C. as veertienjarige in 'n kafee gewerk het.
D. deur sy pa geslaan is. (1)

7.15 – 7.17 Wat weet ons van mnr. Uys ten opsige van die volgende feite? Kyk na KOLOM A en vul die KORREKTE antwoord in. Gee slegs die NOMMER en die KORREKTE antwoord.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.15 Mnr. Uys se pa se beroep toe hulle in die Vrystaat gebly het. | 7.15.1 |
| 7.16 Mnr. Uys se pa se beroep toe hulle op Swartgrond gebly het. | 7.16.1 |
| 7.17 Slegte gewoonte van mnr. Uys se pa. | 7.17.1 |

(3)

7.18 Watter TWEE mense het die heeltyd in Casper se onskuld geglo? (2)

7.19 Casper sien vir Madeline Mostert twee keer op plekke wat hom verbaas en skok.

7.19.1 Waar sien Casper vir Madeline die eerste keer? (1)

7.19.2 Waar het Casper haar die tweede keer gesien? (1)

7.19.3 Watter skokkende ontdekking maak Casper oor Madeline tydens hierdie tweede ontmoeting? (1)

7.20 Hoe reageer Madeline teenoor Casper tydens hierdie tweede ontmoeting? (1)

7.21 Waarheen hardloop Madeline? (1)

7.22 Wie hardloop almal agter Madeline aan? (2)

7.23 Voltooi: Hulle het die groot, swart motor nie gesien nie. Die motor se buffer tref 7.23.1 ______ en 7.23.2 _______ gelyktydig en slinger hulle soos bondels wasgoed teen die sypaadjie vas. 7.23.3 ________ sien die bekende 7.23.4 ________ wat in Braam se hempsak was 'n entjie voor hom op die sypaadjie lê en sy hart ruk. Hy stoot dit met sy skoenpunt af en stoot dit ongemerk by die 7.23.5 ______ in. (5)

7.24 Casper het uiteindelik met Wessel gaan praat en hom alles vertel van wat hy gesien het.

7.24.1 Wie het vir Casper gesê om met mnr. Lategan te gaan praat? (1)

7.24.2 Hoekom het Casper nie met mnr. Uys gaan praat nie? (1)

7.25 "Dis my eie skuld dat Casper byna 'n lid van die daggaklub geword het."

7.25.1 Hoekom sê Casper se pa dit is sy skuld dat sy seun amper 'n lid van die daggaklub geword het? (1)

**[24]**

**VANAF VRAAG 7.1 – 7.25 = 48÷2=[24]**

**EN**

**WESSEL LATEGAN EN PHILIP UYS**

7.26 Wie het dertien jaar gelede as 'n skolier by Kroondal gematrikuleer en is nou 'n onderwyser? (1)

7.27 Philip en Wessel se vrouens is ongelukkig oor spesifieke aangeleenthede in hul huwelik.

7.27.1 Watter byeenkoms moes Wessel een aand by die skool bywoon ten spyte van hulle gaste? (1)

7.27.2 Hoe voel Wessel se vrou hieroor? Wees spesifiek. (1)

7.27.3 Watter wonderlike geleentheid kan Philip kry na 'n oproep van Daan Claasen? (1)

7.27.4 Hoe voel Philip se vrou hieroor? Wees spesifiek. (1)

**[5]**

**EN**

**WESSEL LATEGAN EN BRAAM WELTHAGEN**

7.28 Voltooi die volgende paragraaf deur telkens 'n gepaste antwoord in te vul. Gee slegs die NOMMER en die ANTWOORD.

Mnr. Lategan vang drie leerlinge in 'n kamertjie waarin oom Sampie sy 7.28.1 ______ bêre. Die eerste leerling is 7.28.2 ______ 'n matriekleerling. Die ander twee leerlinge is 7.28.3 ______ en 7.28.4 ______, albei in standerd nege. (4)

7.29 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Wessel Lategan is materialisties. (2)

7.30 Watter insident in mnr. Lategan se klas het gelei tot 'n ooreenkoms tussen hom en Braam? (1)

7.31 Wat was die ooreenkoms tussen hulle? (1)
**[8]**

**EN**

7.32 Lees die sin deur en gee die NAAM van die karakter wat bespreek word.

7.32.1 Hy het 'n maagsweer. (1)

7.32.2 Hy is die hoofsportonderwyser. (1)

7.32.3 'n Sproetgesig met 'n wilde bos rooi hare. (1)
**[3]**
**[16]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**